# Prosesvloei: Aanstelling van 'n Viserektor

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT



# Prosesvloei: Aanstelling van ’n Viserektor

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

- Die Raad mag, indien die behoefte bestaan, onderhoude met die kandidate voer.
- Die Raad besluit finaal oor die aanstelling van ŉ Viserektor by wyse van ‘n absolute meerderheidstem (50% + 1) van die Raadslede wat aanwesig en stemgeregtig is.

## SENIOR AANSTELLINGSKOMITEE (SAK)

Bladsy 1

Die SAK lê die finale kortlys, in alfabetiese volgorde, met opmerkings en vergesel van die kandidate se visiestellings en curricula vitae, aan die Senaat en IF voor.

**Die SAK lê die onderstaande aan die Raad voor:**

1. Die SAK se aanbevelingsrapport.
2. Die geskikte finale kortlyskandidate se name, in alfabetiese volgorde.
3. Die geskikte finale kortlyskandidate se curricula vitae.
4. Die geskikte finale kortlyskandidate se visiestellings.
5. Die Senaat se aangewese voorkeur-kandidaat.
6. Die IF se aangewese voorkeurkandidaat.

## INSTITUSIONELE FORUM (IF) & SENAAT

INSTITUSIONELE FORUM (IF)

SENAAT

**VERGADERING VAN DIE SENAAT EN IF**

- Die Raadsvoorsitter tree as voorsitter op.
- Die Raadslede en SAK-lede word ook uitgenooi om hierdie vergadering by te woon – as waarnemers.
- Kandidate op die finale kortlys, moet hulle visiestellings voorlê.
- Die Senaat en die IF stem slegs oor hulle voorkeur.